

Ds. A. W. C. Bester  
Vredendal Wes  
23 April 1978

Onderwerp: Harde woorde  
Vorbereidingsdiens

Lees: Matthéüs 5 verse 17 tot 30

Teks: Matthéüs 5 vers 20

Sing: Psalm 81 verse 1 en 12  
Gesang 67 vers 5

“Dit is harde woorde hierdie. Dit is soos ’n ontledmes wat diep insny en ons naaktheid oopvlek voor God en die mens. Dit is soos ’n verskroeiende vlam wat ons laat verwelk in die gloed van God se geregtigheid.

“Só was dit seker ook vir die skare wat bankvas aan die voet van die berg gestaan het. Hierdie mense was krom gedra aan die juk van die Fariseërs se wetsuitleg. Daar was 613 reëls wat soos ’n ysterklem alle lewe uit hulle gepers het.

“Hulle het kom luister na hierdie nuwe Rabbi wat so anders was, so barmhartig en so begrypend. En sy woorde het soos verkwikkende dou op hulle geval: ‘Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele. Salig is die wat treur, want hulle sal vertroos word.’ (Matt 5:3,4)

“Maar toe was daar die verpletterende woord. Daar het seker ’n groot stilte oor die skare gekom: ‘Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie.’ (Matt 5:20)

“Oorvloediger as die skrifgeleerdes en Fariseërs? Het Jesus nog méér bedoel as die 613 reëls? Ons kan dit nie meer dra nie, Rabbi van Nasaret. Ons kan nie! Só het hulle in alle waarskynlikheid hierdie harde woord verstaan.

“Die Here Jesus het dit wel anders bedoel, maar dit was steeds ’n harde woord. Jesus Christus het nie die wetsuitleg van die Fariseërs goedgepraat nie. Hy het hier juis hulle 613 reëls inmekaar laat stort. Hy het die konsekwensies van die wet deurgetrek en verdiep, teenoor hulle uitwendige skyn van geregtigheid. ‘Oorvloediger’ beteken nie meer ’n getal nie, maar

dieper gehoorsaamheid. Hy het die vertikale navolging van die wet aan hulle voorgehou teenoor hulle horisontale navolging, sodat dit ingesny het tot in die diepste diepte van hulle hart. Jesus Christus het die wet duidelik gemaak: God se eis geld en word nie herroep nie, maar staan vas tot die einde toe. Dit is finaal. Dit het Jesus met 'n paar voorbeelde toegelig.

“En hiermee word die punt van die swaard ook teen ons bors gedruk: Ons was mos al sonder rede kwaad vir ons broer. Miskien was dit sommer oor 'n nietigheid. En ek het hom 'n dwaas genoem. Op Jesus Christus se woord verdien hierdie nietigheidjie, opvlieëndheid, woede, haat, skinder, verdagmakery en bytende woorde die helse vuur. Dit staan vas in geldende woorde dat geen skerp tong wat die naaste teister die koninkryk van die Hemele sal ingaan nie.

“Ons wat vanmôre dink dat dit darem in ons geestelike lewe nie te sleg gaan nie, moet luister: ‘Maar Ek sê vir julle dat julle 'n slegte mens nie moet weerstaan nie; maar as iemand jou op jou regterwang slaan, draai ook die ander een na hom toe.’ (Matt 5:39) ‘Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg; sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemele is’. (Matt 5:44,45) ‘Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie.’ (Matt 6:15)

“Waarop kom dit neer? Ons is elke dag verwerplik voor God oor hierdie een sakie, naamlik ons verhouding met ons naaste. Die sakie is só gering in ons oë, dat ons minimale oorweging daaraan skenk. Maar daardeur word ons verwerplik voor God en word die deur van die koninkryk van God vir ons gesluit.

“Nog een van die houes is: ‘Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het.’ (Matt 5:28) Dit is 'n teer saak omdat dit so op die man af is. Net 'n gedagte aangesteek deur 'n flits van die oog diskwalifiseer ons vir die koninkryk van God.

“Só storm dit op ons af. As jy die koninkryk van God wil beërwe, moet jy jouself verloën en jou kruis dra. Jy moet aan God offer met 'n oorgawe wat niks terughou nie. Jy moet onverdeeld wees in jou toewyding. Jy moet hartsgrondig bekeerd lewe en dink. Jy moet God liefhê bo jou Vader, Moeder, Eggenoot of kind. Dieper en dieper sny die eise in. En so spat die mens se lewe

in 'n duisend skerwe onder die hamerslae van die bergrede.

“Waar kry ons dan die vermetelheid vandaan om nog selftevrede en opgeblase te wees; en om te meen dat dit nie so erg met ons gesteld is nie? Dat ons dink alles is in orde met ons skriflesing, gebed, erediens bywoning, huwelik, gesin, arbeid en ontspanning? Waar kry ons die moed vandaan om die sonde so ligtelik op te neem, as maar net 'n algemene toestand wat ons menswees omring? Hoe kry ons dit reg om voort te gaan in selfverheffing, kopskuddende skindertaal oor ander mense, terwyl ons weet dat ons deur die geldende gebod van God self veroordeeld staan. Terwyl ek weet dat ekself voor God 'n Godslasteraar, 'n eiesinnige, leuenagtige en onreine opstandeling is.

“Hoe kan ons hier met mekaar saam leef sonder om voortdurend skaam te voel? In die lig van die bergrede kan ons mekaar nie in die oë kyk nie; en kan ons alleen diep neergeboë en stamelend aan Jesus Christus en die HERE dink. Hoe kan ons so onbewoë bly, so doodbedoord, as ons elke dag leef onder hierdie teks wat nooit herroep is nie? Ons verdien almal dat God ons verwerp.

“Broers en Susters, dit is die nood van die Christendom, dat ons sondebeseft oppervlakkig is. Ons maak asof genade teen die laagste uitverkoopprys aangebied word. Asof dit maar net 'n ander woord is vir 'n onskadelike God. Asof dit God se beroep is om maar net te vergewe.

“Ons nood is ons gebrek aan verslaendheid en die afwesigheid van selfmishaging. Ons het 'n gemis aan kleinheidsbeseft en onderworpenheid. Ons kyk verby die gapende wonde van Jesus Christus aan die kruis en vergeet wat dit God gekos het om ons sonde ontwil.

“Eers as ons voor God se aanklag neerbuig, neem Hy ons verdediging op Hom. Ons moet eers ‘U verdoem my’ belewe, as ons wil verstaan wat ‘Ek vergewe jou’ beteken. Sonder dat ons ervaar dat Jesus Christus teen ons is, sal ons nie ten volle begryp wat dit beteken dat Hy ook vir ons is nie. Ons kan nie sommer van ons vergifnis seker wees, voordat ons vanweë ons sonde onseker is nie. Die genade takel eers af, voordat dit opbou. Daarom kom hierdie woord van die Here Jesus Christus om ons aan die gang te sit in ons selfondersoek. Dit moet verpletterend op ons inwerk, sodat ons beseft dat ons geen gronde vir eie geregtigheid het nie.

“As ons beseef hoe die sonde ons onderwerp en selfmishaging gee, dan het die Nagmaalsbrood en die Nagmaalwyn ’n wonderlike smaak.

“Ons moet deur die nou poort gaan van honger en dors na geregtigheid. Ons moet skaam bly en verleë. Eers as daar ’n skeur in ons hart is, sal ons leegloop van ons eie ingebeelde vroomheid. Eers dan sal ons in beweging kom, as die eise van God se gésel ons opjaag van ons lêplek. Eers as ons gebrei is deur harde hande en ons klein is in Jesus Christus se hande, sal Hy ons tot ’n nuwe mens formeer. Deur ons sondewonde oop te maak, is daar beter kans op genesing. As ons neergeslaan is, roep ons harder om hulp. As ons beseef dat die sonde ons in flenters skeur, word dit vir ons noodsaakliker om weer heelgemaak te word.

“Die afbrekende genade van Jesus Christus slaan hard in ons lewens, sodat dit ons laat uitroep: Wees my sondaar genadig.

“Amen.”

Kommentaar:

Ons kan nooit voldoen aan God se eise nie. Maar omdat Jesus Christus in ons plek betaal het vir ons sonde en sy geregtigheid aan ons gegee het, voldoen ons daaraan en word ons gered. Die voorwaarde is dat jy Jesus Christus as jou Verlosser moet aanneem.

Dankie Here Jesus dat U ons losgekoop het met U dood aan die kruis.

